# JEUGLES – Wat glo ons?

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: Real of fake PPT

## 3. HOEKOM MOET ONS WEET WAT ONS GLO?

- ***Ek kan nie die ware God ken as ek nie die waarheid oor God ken nie.***
- Ons het verlede kwartaal gekyk na die Drie-Eenheid, God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
- Hierdie kwartaal gaan ons dit 'n stappie verder vat en met alles wat ons weet oor die Vader, Seun en Heilige Gees gaan ons vir mekaar sê – as ons sê ons is 'n Christene – 'n wedergebore kind van God – wat glo ons dan. Wat is die fondasie, basis van ons geloof.
- Daar is baie verskillende godsdienste waarvan julle in die skole leer, en baie van julle maats behoort aan ander godsdienste, maar dis belangrik dat jy weet wat maak ons godsdiens anders en as iemand jou vra jy vir hulle sal kan sê.

- **VIDEOCLIP**: The Skit Guys – The Foudation

- Hierdie videoclip is 'n baie goeie voorbeeld van wat gebeur as ons fondasie nie reg is nie, dan sak dit wat ons probeer bou inmekaar die oomblik as iemand daaraan begin hang of dit rondbeweeg.

- As jou fondasie stewig is – weet wat jy glo / wat die Waarheid is – dan kan jy vas staan en nie begin twyfel wanneer mense jou deurmekaar probeer maak nie.

## 4. ONS FONDASIE:

- Ons gaan nou bietjie kyk na ons fondasie en dit stewig bou sodat die vyand die nie kan kom omruk nie.

- ***<u>Bespreek in julle groepe</u>***:

- Waar kom ons fondasie vandaan / waar 'kry' ons dit?

- Wat dink julle is die fondasie (belangrikste) van ons christelike geloof? – gebruik verlede kwartaal se lesse as 'n leidraad

## 5. WAT GLO ONS?

- Wanneer ons na ons geloof kyk kan dit in 'n klomp 'afdelings' ingedeel word. Oor of by elke 'afdeling' is dit belangrik dat ons weet wat die belangrikste Waarhede rondom dit is.
- Kyk of julle by elke 'afdeling' die belangrikste kan neerskryf deur die teksverse te gebruik:

| **1. God Drie-Eenig** |
|---|
| ***Matt 28:19*** - Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees |
| • ***Ek glo:*** Daar is net EEN God<br>• ***Ek glo:*** God is Drie Persone in Een: Vader, Seun, Heilige Gees<br>• ***Ek glo:*** Elkeen van hierdie 3 persone volledig God is |

## 2. God die Vader

***Gen 1:1*** In die begin het God die hemel en die aarde geskep

***Ek glo:*** God is die Skepper van alle dinge op aarde

***Deut 6:4*** Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

***Ek glo:*** Daar is net EEN God, NIEMAND anders is God behalwe Hy nie

## 3. God die Seun - Jesus

***Luk 1:35*** Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees al oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God

- ***Ek glo:*** dat Jesus deur die Heilige Gees verwek is
- ***Ek glo:*** dat Jesus die Seun van God is

***Jes 53:5*** Oor ons oortredings is hy deurboor, en oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vede moes bring, was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom

***Ek glo:*** dat Jesus vir ons sondes gely het

***Joh 19:18*** Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel

***Ek glo:*** dat Jesus gekruisig is

***Joh 19:33*** Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.

***Ek glo:*** dat Jesus gesterf het aan die kruis, Hy was dood gewees

***Luk 24:6-7*** Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was 7. en gesê: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan

***Ek glo:*** dat Jesus na drie dae opgestaan het uit die dood uit.

***Luk 24:51*** Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.

***Ek glo***: dat Jesus opgevaar het hemel toe

***Rom 8:34*** Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

***Ek glo***: dat Jesus nou aan God se regterhand sit waar Hy vir ons pleit

| |
|---|
| ***Joh 14:6*** Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” |
| ***Ek glo***: dat Jesus die ENIGSTE weg/manier is om by God/die hemel uit te kom |
| ***1 Joh 1:9*** Maar as ons ons sondes bely- Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid |
| ***Ek glo***: dat Jesus my sondes vergewe as ek om vergifnis vra |

| **4. God die Heilige Gees** |
|---|
| ***Joh 14:26*** en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees stuur, sal Hy julle alles leer |
| ***Ek glo***: dat God die Heilige Gees gestuur het om ons te kom leer |

| **5. Die Bybel** |
|---|
| ***2 Tim 3:***16 Die hele skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te week |
| ***Ek glo*****:** dat die Bybel woorde is wat God self vir mense gesê het om te skryf. Dit leer my hoe om te leef |

| **6. Die Opstanding van die dooies** |
|---|
| ***1 Kor 15:12*** As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie. As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie |
| ***Ek glo***: aan die opstanding van die dode |

| **7. Die Ewige lewe** |
|---|
| ***1 Joh 2:25*** En dit is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe |
| ***Ek glo***: aan die ewige lewe |

## 6. SLUIT AF MET DIE LIEDJIE: We Believe

## 7. SLUIT AF MET GEBED EN GEE SELFONE TERUG